
# DIE GRASUIL
## (*Tyto capensis*)
## 'n VRIEND IN ONS MIDDE

**D**ie goeie nuus vanuit Midstream rondom die grasuile is dat daar 'n broeipaar in die area is.

Alhoewel die grasuil nie op die rooi data-lys vir bedreigde spesies is nie, word hulle tog as baie seldsaam, skaars en kwesbaar geklassifiseer. Daar word beraam dat daar tans 5000 Grasuile oor is in ons land.  Hulle getalle neem drasties af, namate hulle habitat naamlik moerasagtige omgewings, vleie en geskikte skuilings en broei-areas, al skaarser word.  Daarom is die beskermings-gebied vir die Grasuil in Midstream belangrik.

Die kenmerke van die Grasuil is die opmerklike kontras tussen die baie donkerbruin rugkant, met wit kolletjies, en sy dofgeel onderkant met effens horisontaal verlengde donker kolle. Die hartvormige wit of dofgeel gesigskyf het 'n donkerige geel rand, terwyl die vere op die boonste rand van die gesigskyf bruin is. Die geslagte lyk eners, maar jong voëls se gesigskywe is  roesbruin en hulle onderkante donkerder geel.




Die Grasuil se roep klink soos die van die Nonnetjieuil, maar korter en bevat ook vinnige, padda-agtige klikgeluide. Jong voëls uiter harde sis-geluide as indringers dit te na aan hulle nes waag.

Grasuile se dieet bestaan hoofsaaklik uit vlei- en waterrotte, maar ook vlermuise, jong hasies, voëls, paddas en insekte word gevang. Voëls word soms in vlug gevang. Die Grasuil sluk sy prooi heel in. Omdat die uil geen krop het nie, word die onverteerde kos later in kompakte uilballe opgebring. Hierdie uilballetjies bevat dikwels die prooidiere se geraamtes en verskaf inligting oor dieet en verraai ook die Grasuil se teenwoordigheid.  Die Grasuil en die Vlei-uil deel amper dieselfde habitat, albei bou hulle neste op die grond,  maar die Grasuil is groter en swaarder en vang ook groter prooi en hulle kompeteer daarom nie rêrig vir kos nie.



Die Midstream HEV beplan om die komende jare met die hulp van voëlkundige Geoff Lockwood en omgewingskonsultant Mark Custers, die habitat in die uil-bewaringsgebied te herstel na die mees geskikte habitat en om so by te dra tot die behoud van die uile. Digte lae tot medium hoogte grasse met 'n breë blaar is vir nes-bou en skuiling geskik. Die Grasuil se nes is 'n effense holte in die grond aan die einde van 'n grastonnel, wat dikwels met ander tonnels verbind word.  Die hoofbroeiseisoen is van Februarie tot Mei wanneer die wyfie 3 tot 6 wit eiers lê. Die wyfie broei alleen, terwyl die mannetjie haar voer. Na omtrent 32 dae maak alle kuikens, in omtrent 24 uur, hulle verskyning. Beide ouers voer hulle en na omtrent 45 dae is hulle gereed om die nes te verlaat.




Die kaart dui die verspreiding van die Grasuil in Suid-Afrika aan. Die verspreiding strek oor 'n hele aantal plantegroeistreke, van laag- tot hoogland maar is beperk tot die heeljaar- en somerreënvalstreke.

Omdat die Grasuil grondlewend is, is hulle uiters kwesbaar vir versteuring deur geraas, rondloper honde, katte en mense in hulle leefruimte. Ook oorywerige avontuurlustige kinders en voëlkykers in die Grasuil se omgewing, het 'n nadelige invloed op die broeipaar en kuikens. Midstream se beskermingsarea is deel van 'n vleigebied, waarvan die groter deel die proefplaas van die Landbounavorsingsraad uitmaak en alhoewel dit klein is, bly dit so uniek dat die grasuile al die laaste 10 jaar daar voorkom en gereeld broei.  Met die insette en hulp van die inwoners lyk die toekoms van die geveerde vriende rooskleurig.

Geborg deur:
Sponsored by:
AULA
Verhurings/Rentals
Midrand Estates
012 940 9353
www.aulaprop.co.za